

Tema 4

DIENS BRING LIG

Matt 5: 14-16 Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; ook steek 'n mens nie 'n lamp op en sit dit onder 'n emmer nie maar op 'n lampstaander, en dit gee lig aan almal in die huis. Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is verheerlik.

Vanuit God vir Ander:

Wanneer die lig eers die bron verlaat het kan dit nooit weer terugbring /-geneem word nie. Dis nie moontlik om selektief lig in duisternis te wees nie. Vir almal in die huis. Voor die mense. Goeie werke is sigbaar. God verheerlik.

1 Kor 9:19 Hoewel ek vry is en van niemand afhanklik nie, het ek my aan almal diensbaar gestel om soveel mense as moontlik vir Christus te wen.

Geen onduidelikheid nie en gaan kyk maar watter opoffering en aanpassing dit gevra het.

Hy rus ons toe, maak ons bekwaam,

Efes 4: 12 Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus.

Fil 2:12-18 Ligdraers vir die wêreld. 'n Wêreld deurmekaar, 'ontaard en korrup';
:15 Tree onder hulle op as ligdraers in die wêreld.

Vanuit God vir God:

Rom 13:12 Die nag is byna verby; dit is amper dag. Laat ons dan ophou met die werke van die duisternis; laat ons die wapens van die lig opneem.
:14julle moet lewe soos volgelinge van die Here Jesus Christus.....

Rom 6:13bstel julle in diens van God as mense wat dood was maar lewend gemaak is, en stel elke deel van julle liggame in diens van God as werktuig om te doen wat God wil.
:15 Wat beteken dit? (*Lees verder*)

Rom 6:22julle is vrygemaak van die sonde en in diens van God gestel en die vrug daarvan is dat julle geheilig word, en die uiteinde is die ewige lewe.

Diens bring lig vir ander en jousef tot eer van God. Koninkryk.

Diensbaarheid en diens BRING ewige lig.